



Iets Nuu(+)s

Efesiërs 4:16

Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid.

Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

14 MAART 2021

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar: Marcel Floor 0828285811

Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769:
admin@gksasolburg.co.za

Webblad: www.gksasolburg.co.za

Barmhartigheid: Aileen Gouws – 082 333 1333

Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404

Koster: Sandra vd Sandt 083 457 8904

Omgeekantoor: Tydelike epos: admin@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK D

Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid (diakonie rekening)

Kollekte by DEURE: THUSOFONDS:

Om die emeriti uit die jonger kerke (voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn) te help versorg.

Bankbesonderhede:

Kerkkas: Absa, Gereformeerde Kerk Sasolburg, Rek nr **520340033** en Verw: bv Kollekte Sustentasië, ens.) **EN ALLE**

MAANDELIKSE LIDMAAT BYDRAES

Diakonie: Absa, Gereformeerde Kerk Diakonie, Rek nr **520340238**

Verw: Kollekte Barmhartigheid

TEMA

Wat vra ons as ons bid: Laat U koninkryk kom?

Ps. 93, 1 Kor. 15:24-28 (83 AV)

Fokus: Heidelbergse Kategismus Sondag 48

A: Die Koning van die koninkryk.

1. Ons Vader is die Koning wat oor alles regeer. (Ps. 93, 99, 145, ens.)
2. Ons Vader het ook aan Jesus die koningskap gegee. (1 Kor. 15:24-28)
 - a. Ons Vader regeer alles deur Jesus aan sy regterhand.

B: Die koninkryk.

1. Die hemel en die aarde is die provinsies van God se koninkryk. (Gen. 1:1)
2. Die mens word met die skepping aangestel as onderkoning om oor die aarde te heers. (Gen. 1:26)
 - a. As goeie onderkoning moes die mens luister na God die Koning. (Gen. 2:17)
3. Die onderkoning het egter nie na die Koning geluister nie, maar na die Satan, en so sy posisie as onderkoning prysgegee! (Gen. 3)
 - a. Die gevolg van die sondeval is dat mense nie meer God as Koning erken, en hulle aan Hom onderwerp nie.

C: Die burgers van die koninkryk.

1. Iemand word 'n burger van die koninkryk wanneer hy/sy weergebore word en waarlik begin glo.
2. Die eerste saak waarvoor ons bid, as ons bid "laat U koninkryk kom": Ons vra vir die Koning "help my om my al hoe meer aan U en U wil vir my lewe te onderwerp".

D: Die Grondwet van die koninkryk.

1. Die Koning het sy wil uiteengesit in die Grondwet van sy koninkryk – die Bybel. (NGB Art. 7)
2. Maar nou sukkel ons as burgers om hierdie Grondwet te lees, en dit te verstaan en in ons lewens toe te pas...

a. En daarom gee die Koning ook vir ons sy Heilige Gees wat die Bybel vir ons oopbreek en verstaanbaar maak, en wat ons help om die Bybel in ons lewens toe te pas. (1 Kor. 2:10-16)

3. Die tweede saak waarvoor ons bid, as ons bid "laat U koninkryk kom": Ons vra die Koning dat Hy ons steeds meer sal regeer deur sy Grondwet (die Bybel) en deur sy Heilige Gees.

E: Die vyand van die koninkryk.

1. Die Satan en al sy bese magte is die vyand van God se koninkryk. (Ef. 6:10 e.v.)
2. Die vyand loots sy aanval op die kerk en op individuele gelowiges.
3. Wanneer jy burger van God se koninkryk word, dan word jy ook opgeroep tot God se weermag! (Ef. 6:10 e.v., 2 Tim. 2:3-4)
4. Ons moet ons vyand ken.
5. Jy is nie alleen in die oorlog teen die vyand nie.
6. Wat vra ons as ons bid "laat U koninkryk kom" in terme van hierdie oorlog met ons vyand?

F: Die groei van die koninkryk.

1. Die koninkryk groei as steeds meer mense die Koning se onderdane (koninkryksburgers) word.
2. Die Koning maak mense sy onderdane deur sy Woord en Gees, en Hy gebruik ons as sy instrumente om sy Woord uit te dra.
3. Wat bid ons in terme van die koninkryk se groei, as ons bid "laat U koninkryk kom?"

G: Tot wanneer moet ons só vir die koninkryk bid?

1. Ons moet só bly bid vir die koninkryk totdat dit volledig kom! (HK Sondag 48)

Jy kan bid vir die volgende:

- ♥ Thea Steenkamp - skouer
- ♥ Theamé Venter - oog
- ♥ Kobus en Alida Kruger
- ♥ Estelle vd Spuy
- ♥ Danie Joubert
- ♥ Lea van der Walt
- ♥ Gerrit du Plooy

VERJAARSDAE

Verjaar			Lidmaatstatus	Landlyn	Selfoon
03/14	Alishia	Kirsten	Doop	0169733839	0846453963
03/15	Neels	Kriel	Belydend	0169768937	0746993748
03/16	Lisa	Coetzee	Belydend	0798402070	0743050900
03/16	Frans	Van Der Walt	Belydend	0169763544	0828247420
03/19	Gert	Duvenage	Belydend		0832602962

VERGADERINGS:

Ouderlingvergadering vind plaas op **15 Maart om 18:00**

Fondsinsameling 2021



Ons doen 'n gesamentlike
fondsinsameling vir GK
Sasolburg en die President
Kruger Kinderhuis in
Reddersburg



Onbepaalde kaartjies beskikbaar teen **R200.00** en daar is 15 pryse ter waarde van **R40 000** beskikbaar! Neem asseblief deel, en deel hierdie met vriende en familie. Kontak vir Conrad v Schalkwyk vir meer inligting by 082 838 2810